## DIE VOORKOMS VAN MIV % VOLGENS GESLAG

| | |
|---|---|
| Mans | 14.5% |
| Vrouens | 23.2% |

## DIE VOORKOMS VAN MIV % VOLGENS RAS

| | |
|---|---|
| Swart | 22.7 % |
| Blank | 0.6 % |
| Bruin | 4.6% |
| Indiër/ Asiër | 1% |

## DIE VOORKOMS VAN MIV % VOLGENS LIGGING

| | |
|---|---|
| Stedelik Formeel | 14.7% |
| Stedelik Informeel | 29.9% |
| Landelik Formeel | 22.6% |
| Landelik Informeel | 16.1% |

## DIE VOORKOMS VAN MIV % VOLGENS PROVINSIES

| | |
|---|---|
| Wes-Kaap | 7.8% |
| Oos-Kaap | 19.9% |
| Noord-Kaap | 11.9% |
| Vrystaat | 20.4% |
| Kwa Zulu-Natal | 27.9% |
| Noordwes | 20.3% |
| Gauteng | 17.8% |
| Mpumalanga | 21.8% |
| Limpopo | 13.9% |

## MANLIKE BESNYDING (TRADISIONEEL EN MEDIES) ONDER SUID-AFRIKAANSE MANS IN % 2012

## TOTAAL VAN MANS 15 JAAR EN OUER WAT BESNY IS: 46.4%

## DIE VOORKOMS VAN MANLIKE BESNYDING % VOLGENS RAS

| | |
|---|---|
| 52.4% | - Swart |
| 23.3% | - Blank |
| 26.4% | - Bruin |
| 33.5% | - Indiër/Asiër |

## DIE VOORKOMS VAN MANLIKE BESNYDING % VOLGENS PROVINSIES (GESELEKTEER)

| | |
|---|---|
| 74% | - Oos-Kaap |
| 72.6% | - Limpopo |
| 50% | - Mpumalanga |
| 23.2% | - Kwa Zulu-Natal |
| 20.3% | - Noord-Kaap |

**Bron:** Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Suid-Afrikaanse Nasionale MIV, Gedrag en Gesondheidsopname 2012 - http://www.hsrc.ac.za/

CMT COMMUNITY MEDIA TRUST

SACTWU

# ALGEMEEN VOORKOMENDE VRAE OOR MEDIESE MANLIKE BESNYDING (MMB)

## Wat is manlike besnyding?

Manlike besnyding is die verwydering van die voorhuid deur middel van chirurgie. Dit is ‘n gebruik wat al vir generasies plaasvind om godsdienstige, kulturele, sosiale of mediese redes.

## Wat is Vrywillige Mediese Manlike Besnyding?

Die besluit om die prosedure te ondergaan is vrywillig. Geen man of seun mag gedwing word om besny te word nie. Dit is ‘n besluit wat hulle self moet neem, en hulle moet ingelig word oor die voordele van hierdie prosedure. Hulle moet ook verstaan dat die besnydingsprosedure onomkeerbaar is. Dus moet hulle ‘n toestemmingsvorm onderteken.

## Wat is die verskil tussen tradisionele en mediese besnyding?

Tradisionele besnyding vorm deel van ‘n kulturele seremonie en simboliseer die oorgang van seun tot volwasse man. Mediese besnyding is ‘n chirurgiese prosedure en word gewoonlik in ‘n kliniek of hospitaal deur ‘n mediese dokter behartig. Mediese besnyding is nie n noodwendig aan ‘n persoon se kultuur verbonde nie.

## Hoe kan Mediese Manlike Besnyding voorkom dat mans MIV opdoen?

MMB is die chirurgiese verwydering van die voorhuid, d.w.s die weefsel wat die voorpunt van die penis bedek. Hierdie weefsel bevat Langerhans selle, wat hoogs vatbaar is vir infeksie van MIV. Langerhans selle kan ook die MI virus tot nege maal vinniger absorbeer as enige ander geslagsweefsel. Aangesien die area onder die voorhuid warm en vogtig is, voorsien dit ‘n uitstekende omgewing vir MIV om in te floreer.

Deur die voorhuid te verwyder, word die Langerhans selle wat MIV lok, asook die warm en vogtige omgewingstoestande waarin MIV kan floreer, verwyder. Dus word die risiko verminder dat ‘n man tydens seksuele omgang met ‘n vrou wat MIV positief is, die MI virus kan ontvang.

## Wat is die wetenskaplike bewyse?

Drie lukrake, gekontroleerde proewe is onderneem in Kisumu in Kenia, die Rakai distrik in Uganda, en in Orange Farm, Suid-Afrika. Hierdie proewe het getoon dat mediese manlike besnyding die seksuele oordrag van MIV vanaf vrouens na mans met ongeveer 60% verminder.

Drie jaar na die bekendstelling van MMB in Orange Farm in Suid-Afrika, het die resultate bewys dat die omvang van MIV 55% laer is onder mans wat besny is, vergeleke met onbesnyde mans.

## Wanneer kan mans wat besny is seksuele omgang hê of masturbeer?
Nadat 'n man besny is moet hy seksuele omgang of masturbasie vermy totdat die wond heeltemal genees is. Genesing sal minstens 6 weke duur.

## Hoe pynlik is die prosedure?
'n Plaaslike verdowingsmiddel word tydens die prosedure ingespuit om pyn te beheer. Gedurende die eerste paar dae na besnyding ervaar meeste mans geringe ongemak, en dit word gewoonlik beheer met die gebruik van pynstillers wat oor die toonbank bekombaar is.

## Verminder besnyding 'n man se seksuele genot?
Beskikbare data van die proewe dui aan dat mans wat onlangs besny is geen vermindering van seksuele optrede of genot ervaar nie.

## Word MMB aanbeveel vir mans wat MIV-positief is?
Alhoewel MMB 'n man teen MIV kan beskerm, kan dit nie voorkom dat 'n man MIV aan 'n ander persoon oordra nie. Indien jy reeds MIV positief is, kan jy nie baat vind by die verminderde risiko wat MMB vir MIV negatiewe mans bied nie. Sommige mans mag nogtans kies om besny te word om higiëniese redes.

## Word MMB aanbeveel vir mans wat seksuele omgang het met mans?
Daar is nie voldoende bewyse wat aandui dat besnyding beskerming teen MIV bied vir mans wat seks het met mans, of vir mans wat anale omgang sonder enige beskerming beoefen nie.

## Wanneer mans besny is, is daar 'n gevaar dat hulle kan aanneem dat hulle heeltemal veilig is en dus riskante seks sonder enige beskerming sal beoefen?
Met enige metode wat gedeeltelik beskerming teen MIV bied is daar die gevaar dat iemand glo hulle kan 'n kans vat en betrokke raak by riskante seksuele gedrag. Alle mans wat besny word, word gewaarsku dat MMB hulle slegs gedeeltelik beskerm, en hulle word dus aangemoedig om die risiko van MIV verder te verminder met die gereelde en korrekte gebruik van kondome en om met minder mense seksueel te verkeer.

## Kan dit vir vrouens moeiliker raak om oor die gebruik van kondome te onderhandel as hulle maat onlangs besny is?
Alle MMB kliente word gewaarsku dat besnyding slegs gedeeltelike beskerming bied en dat hulle dus steeds addisionele maatreels sal moet toepas in die voorkoming van MIV.

Groter voorspraak moet ook gemaak word vir vrouens sodat hulle meer in staat is om met hulle mans te onderhandel oor die gebruik van kondome.

Waarnemings na voltooing van die kliniese proewe dui daarop dat daar geen merkbare verandering is in die gebruik van kondome na besnyding nie.

## Bied MMB enige voordele vir vrouens?
MMB word assosieer met 'n afname van menslike papilloomvirus (MPV) in die penis, wat servikale kanker in vrouens veroorsaak. MMB sal dus op die lang duur voordelig wees vir vrouens aangesien hulle minder blootgestel sal wees aan MPV.

Soos meer mans besny word en hulle dus minder geneig is om MIV-positief te raak, so ook sal die waarskynlikheid dat vrouens seksueel aan MIV blootgestel word, verminder. Vrouens se risiko van MIV infeksie sal sodoende afneem.

## Kan MMB 'n oormaat van druk plaas op gesondheidstelsels?
MMB is vinnig en kan binne 30 minute afgehandel word. Die onkostes daaraan verbonde is beperk. MMB dienste verg aanvanklik minimale ondersteuning van gesondheidsorgvoorsieners, en kan op die lang duur aansienlik druk verminder op gesondheidsdienste aangesien die hoeveelheid mense wat MIV-positief is en dus sorg en behandeling benodig, skerp kan daal.

Die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WGO) het riglyne ontwikkel vir die optimale en doeltreffende voorsiening van MMB dienste. Deur hierdie riglyne te gebruik kan lande se gesondheidsorgvoorsieners op 'n vinnige en effektiewe manier MMB voorsien.

## VINNIGE FEITE OOR MIV EN MANLIKE BESNYDING

**1.3 miljoen** - Die aantal mans wat medies besny is in Suid-Afrika sedert April 2010, toe die regering die MMB veldtog van stapel gestuur het.

**4.3 miljoen** - aantal mans wat die Suid-Afrikaanse regering beoog om teen 2016 te besny.

**60%** - Die vermindering van die risiko van seksuele oordrag van MIV vanaf vrouens na mans as gevolg van mediese manlike besnyding.

**20%** - voorkoms van MIV onder alle Suid-Afrikaanse volwassenes ouer as 25 jaar

## DIE VOORKOMS VAN MIV ONDER VOLWASSENES TUSSEN DIE OUDERDOM VAN 15 - 49 JAAR IN %

**TOTAAL VIR ALLE VOLWASSENES TUSSEN DIE OUDERDOM VAN 15 – 49 JAAR: 18.8%**